DIE HEFSIBA NUUSBRIEF

van

Kruger en Antoinette du Preez

April 2009

"As ons 'n massa beweging wil sien van mense na Christus toe, dan sal dit slegs geskied deur duisende inheemse sendelinge op te lei en uit te stuur"
K.P. Yohannan

Liewe Vriende!

Ek dink dit was die digter Eugene Marais wat pessimisties geskrywe het oor Skoppensboer - wat vir hom die dood versimboliseer het. Sy een gedig eindig:" Wie laaste lag … is Skopppensboer!" Vandag is Paassondag en ons sê vir oorle Eugene: "Dis eenvoudig nie waar nie! Wie laaste lag is … die lewe, is Christus en is ons, Sy kinders!"

JESUS LEWE OOK VIR DIE MOSLEMS.

Petria Theron skryf onlangs vanuit Vila Ulónguè die volgende aangrypende verhaal oor een van HEFSIBA se Tweedejaar Buitemuurs studente: "'n Jongman, Abreu Matenge, het laasjaar by ons begin studeer in die aande. Hy is van die onbereikte Moslem Yao stam uit die Niassa provinsie in Mosambiek en is na Vila verplaas as onderwyser. Hy is ook 'n Moslem. Laasjaar het hy een Sondag die Portugese diens in ons kerk bygewoon en gesê dat hy belangstel in die Chirstelike geloof en dat hy graag saam met ons sal wil aanbid. Ons Vise-Rektor, pastor Matunda, het hom onder sy vlerk geneem en hom geestelik begelei. Sondag, die 8ste Maart, het ek 'n wonderwerk voor my oë sien gebeur - die jongman is gedoop! Wat 'n ongelooflike ervaring! Toe ek na die tyd met hom gesels, het hy vertel hoe dat hy Desember vakansie Niassa provinsie toe gegaan het en sy familie bymekaar geroep het. Hy het vir hulle gesê: "Ek het gekom om vir hulle iets sê en nie julle toestemming te vra nie; - ek het besluit om die Christelike geloof aan te neem". Klink my nie hulle is toegewyde Moslems nie, want hulle het dit so aanvaar en totdat hy daar weg is, hom nie verwerp nie." "Maar al sou hulle my verwerp," sê Matenge, "weet ek die Here is by my." Jesus lewe en Matenge en ander studente sal die laaste lag en nie die duister magte nie! Halleluja! Bid asb, vir Matenge en ander studente om te volhard op hulle nuutgevonde geloof.

AANBOUINGS BY PETRIA THERON SE HUIS.

So van Petria gepraat; ons wil ernstig 'n projek loods om fondse bymekaar te maak vir aanbouing by Petria se huis. Ek het die volgende motiveringsbrief aan die Kerklike Getuieniskommissie (KGA) in die Kaap gestuur om geld van hulle te vra: (In sy antwoord skryf "my baas", die sendingsekretaris, dr. Kobus Odendaal aan my; "Ek vertrou jou studies vorder met dieselfde deeglikheid en innerlike oortuiging as wat die aangehegte bedelbrief van getuig.") Wel, hier is die brief:

1. Petria het self die huis laat bou met haar eie geld en met die hulp van haar stuurgemeente en ander gelowiges. Sy het dit gedoen op versoek van ds Manie Taute wat haar beroep het om betrokke te raak by die vrouewerk van HEFSIBA. Die het sy dan ook getrou gedoen vanaf 2004 - later ook in die pos van Akademiese Direkteur. Sy is ook verantwoordelik gehou vir haar eie salaris gedurende hierdie tyd.
2. Aan die einde van 2008 is sy beroep as voltydse dosent aan die Teologiese Skool op Vila Ulongue en is sy aangestel as die eerste Fakulteitshoof van die Fakulteit

Psigologie. Sy is beroep in die plek van dr Marilda de Oliveira. Haar salaris word huidiglik deur die KGA geadministreer in samewerking met die GSM

3. Haar huis is regtig net te klein om gemaklik daarin te lewe. Haar studeerkamer, TV ens is op die oomblik alles in haar slaapkamer wat nie die ideaal is nie. Daar is wel 'n baie klein gastekamer wat redelik gereeld beset is. Die gedagte is om 'n ekstra kamer en badkamer aan te bou. Ek reken dat die sendende kerk nou die ere verantwoordelikheid het om te help met die uitbreiding van die huis. Die huis val op die oomblik onder die jurisdiksie van MAC – Missionary Administrative Committee en "ons," met die hulp van die KGA, aanvaar verantwoordelikheid vir die instandhouding van die huis. In beginsel behoort die huis egter aan HEFSIBA en sal, by die gebrek aan 'n sendeling later, ook deur HEFSIBA bestuur word.
4. Die Bestuur van HEFSIBA het reeds in Augustus 2008 by hul Beplannings en Begrotings vergadering, die aanbou van haar huis as 'n hoë prioriteit gestel vir 2009 en aan my as fondsinsamelaar die opdrag gegee om die saak op te neem met belangstellende partye. Die saak is dan ook gereeld in HEFSIBA Nuusbriewe genoem maar tot dusver was daar nog geen konkrete terugvoer nie.
5. Indien Petria eendag haar pos sou verlaat sou die huidige huis nie deug vir 'n egpaar of 'n familie om haar te vervang nie en sal daar moet aangebou word om hulle te akkomodeer.

Ek het die volgende begroting ontvang vir die projek via Dirk Smit, die faktotum, en Petria:

1. Materiaal en die vervoer daarvan - R55 000.00
   (Dit sluit in sement, sand stene, klip. Dambcor, brick forcing, staal, draad, sinkplate, dakspykers, hout, spykers, deur, vensterrame, badkamer, teels, loodgieterswerk, elektriese werk, verf.)
2. Arbeid: - R15 000.00
   TOTAAL: - R70 000.00 (140 000 Mt.)

   MAC in samewerking met HEFSIBA doen dan hiermee amptelik aansoek vir finansiële bystand van die KGA

   Wel, die goeie nuus is dat ons onlangs 'n brief ontvang het van dr. Kobus Odendaal nms die KGA op my bedelbrief waarin hy hulle hul bereid verklaar om die helfte te betaal! Daarvoor is ons die Here baie dankbaar! **Ons kort dus nog net R35 000 !** As die Here jou daartoe lei om hiervoor by te dra betaal dit dan in by HEFSIBA se rekening in Pretoria:

   ABSA Lynnwoodrif Pretoria
   Takkode: 333-845
   Rek. Nr. 14-2015-5464

   Dui aan op die inbetalingsstrokie: PETRIA HUIS.

   Dankie!

VROUE OPLEIDING BY HEFSIBA KRY NUWE DOSENT.

Ds. Samuel Bester, die "Secretary General" van die Mphatso Sinode, Uitvoerende Direkteur van die Ontwikkelings en Armoedeverligting Departement van die Sinode en nasionale voorsitter van die HEFSIBA se Kuratorium, het die beroep aanvaar na die plaaslike gemeente van die Igreja Reformada in Vila Ulónguè. Hy is, o.a. 'n uitstekende prediker. Sy vrou, Janet, kan dus aanbly as Hoof van die Vroue Opleiding van HEFSIBA en hiervoor is ons baie dankbaar. Ons was bekommerd oor wie op die personeel kan dien in die plek van Petria Theron wat nou voltyds by die HEFSIBA Teologie en Psigologie Fakultieite betrokke is. Ons verneem dat ons nuwe dosent, Tomé Capece se vrou Zeria goed Portugees praat en reeds klas gee en volgens wat ons

verneem, ‘n baie positiewe bydrae lewer tot die vroue opleiding. Ons dank die Here daarvoor en vra julle voorbidding ook vir haar bediening.

BACHAREL EM PSICOLOGIA,

Petria skryf ook oor die graadkursus in Sielkunde die volgende: “Ons is so dankbaar dat die Mosambiekse regering uiteindelik ons tweede graad goedgekeur het. Nou kan ons 'n BTh en 'n BA aanbied. Hulle het daarop aangedring dat die hoofvak Sielkunde moet wees. Ons bied egter nie suiwer Sielkunde aan nie. In die 1ste jaar gee ons 'n Inleiding tot Sielkunde, min of meer soos dit by ander universiteite ook gedoen word - dit sal die studente in staat stel om by hoërskole Sielkunde te onderrig (die regering het besluit om Sielkunde deel te maak van die Graad 11 en 12 kurrikulum). In die 2de en 3de jaar sal die klem val op Bybelse Berading. In die 4de jaar is ons gerig op die gemeenskap en doen ons onder andere Vigs- en Traumaberading, Sterwensbegeleiding en Gesinsgeweld. Die idee is dat ons studente dan as Gemeenskapsberaders kan optree. Hulle sal ook adviseurs kan wees wat menseverhoudings betref in hulle werksplekke en sal opleiding kan gee aan verpleegsters, polisie en andere wat direk met mense werk. Dis opwindend en lekker om hierby betrokke te wees. My Amerikaanse buurman, David Ker, skryf oor iets wat hy moes doen: "this is too much fun to be called *work*!". Maar dis 'n proses wat ook sy pond vleis vra, aangesien van die materiaal net in Engels beskikbaar is. Ons is dus in die proses om materiaal te vertaal - en my Portugees is nog nie so *delicious* nie, so dit neem tyd en tyd en tyd, en dan moet dit ook nog taalversorg word.”

Ek, (Kruger), sal ook in die tweede semester inspring en help en sien uit daarna om die studente voor te berei vir hulle belangrike leierskapsbediening in die Mosambiek samelewing. Ek en Petria het albei ons Honneurs in Sielkunde aan die Noordwes Universiteit behaal (ek op die Vaaldriehoekkampus), maar ons het nooit gedink dat ons nog dosente daarin sal wees nie! Die Here werk in “misterious ways!” (As julle vir ons kom kuier kan julle dalk “Brekfis met die schrink” en sommer “Pleister vir die siel” kry! - n.a.l.v. die luisterenswaardige Saterdagoggendprogramme oor RSG.)

MPHATSO-HEFSIBA VENNOOTSKAPSVERGADERING.

Ons het op 22 Maart saam met Tom en Magda Saayman hier op Partys vergader. Kennis is geneem van die swak ruilkoers van die Rand en die Meteical en die invloed wat dit het op die beurse ens. Die E.Pos adreslyste is opgegradeer en mense word versoek om asb. ons in kennis te stel van enige adresveranderinge. Magda soek ook die telefoonnommers van al die mense wat ons Nuusbriewe ontvang. As jy ons Nuusbrief opbouend vind – stuur dan gerus vir ons die E.Pos adresse van vriende wat dit ook sal waardeer. Gemeentes word ook opgeroep om van Kruger gebruik te maak terwyl hy hier in Parys is tot einde Junie. (Tel nr. 0568113346 of sel 0760620692 en E.Pos. krugerdup@gmail.com.) Anel van der Walt soek ook na iemand aan die Rand (verkieslik Pretoria), wat haar kan help met die opgradering van die HEFSIBA Webblad www.hefsiba.org. Hoe lyk dit?

Ds. Ezequel Dongo van die gemeente van Domue in die Tete provinsie soek dringend ‘n gemeente wat in vennootskap met hulle wil gaan – laat weet ons as daar iemand is wat belangstel of wat meer besonderhede wil hê.

Dan, die volgende Mphatso-HEFSIBA Noordelike Vennootskapsvergadering vind plaas op Saterdagoggend 9 Mei in Centurion. Teken dit asb aan in jou Dagboek en laat weet vir Magda as jy dit sal kan bywoon. Sy sal later meer besonderhede stuur.

PARYS VERBLYF

Ons voel nou ‘n koel bytjie in die lug hier aan die Vaalrivier maar die weer is eintlik nog baie lekker en ons geniet ons verblyf hier terdeë. Ons geniet veral die gaan stap smiddae laat langs

die pragtige rivier wat nou minder bruisend en meer rustig is. Die navorsing gaan stadiger as wat ons wil maar nou ja…ons geniet nog die materiaal oor die Reformatoriese wêreldbeeld maar moet nou aanskuif…Troos my daaraan dat die Gautrein ook nie in een dag gebou word nie maar glo net 1 meter per dag kan vorder!

Ons kon die afgelope tyd die Woord bedien by Linden gemeente in Johannesburg tydens hulle Geloofsofferdiens. Die Here se seën was sigbaar. Na die diens het o.a. die RSG Opera omroeper, André Liebenberg my bewoë kom bedank vir die sendingpreek. (Terwyl ek skrywe luister ek op die oomblik na sy program…) Kon ook in hierdie Lydenstyd die Woord bedien hier in Parys-Suid gemeente en dit toe sommer 'n lydens-sending preek maak – nie moeilik nie: Was dit nie vir die kruis nie was daar geen Goeie Boodskap om uit te dra aan al die volke nie!

Lees onlangs die lewensverhale van o.a. Tolstoi die Russiese skrywer en Gandhi van Indië s'n. Albei het besluit om Christus letterlik te volg wat betref Sy lewensstyl om niks te besit nie en in eenvoud te lewe. Ek roep maar my mede-gelowiges op om saam met my 'n eenvoudige lewensstyl daarop na te hou. Tolstoi het ook probeer om selibaat te lewe maar sy 16 kinders het vertel dat dit nie 'n suksesverhaal was nie! Hy skryf in 'n boek min of meer soos volg: "As mense my vra hoekom ek nie altyd "practise" wat ek "preach" nie, dan antwoord ek: 'As ek dronk en al slingerend die pad vat vanaf die kroeg na my huis – beteken dit tog nie die pad is verkeerd nie! En die pad is Jesus! Help my liewer op die pad - kom ons help mekaar in plaas daarvan om mekaar te veroordeel! Ons is almal oppad na die Huis! As iemand egter heeltemal die pad byster geraak het dan het ons die verpligting om dié persoon te help om op die pad te kom." Natuurlik ook so waar van baie wat nog nie eers mooi gehoor het van die Weg nie!

Ons wag op die oomblik in spanning om ons tweedehandse Nissan XTrail vanaf Maputo in ontvangs te neem. Die amptelike papierwerk om die kar in die naam van Hugo Botha te kry is glo voltooi en hulle is nou in die proses om toestemming te kry om die kar vir langer as 'n maand uit die land te neem. Bid maar asb daarvoor en dat die ruilkoers van die Rand en die Dollar teen daardie tyd in ons guns sal tel!

Ons sien daarna uit om die 20 jarige fees van die Petra Kollege vir Kinderbediening in Witrivier by te woon aan die einde van Mei en ons seun uit Ierland dan hier te ontvang.

REIK UIT NA JOU NAASTE!

Ek is onlangs gevra om 'n stukkie vir die Vrouevereniging van die Hervormde Kerk hier in Parys te skryf oor die belangrikheid van Gee. Ek dink dit is aktueel vir ons almal:

"In 'n tyd van ekonomiese resessie word ons geforseer om 'n meer eenvoudige lewensstyl te handhaaf – en dit is goed so. Dis wanneer ons die knyptang van die ekonomie aan ons lywe voel dat ons meer medelye kan hê met hulle wat in die dae sonder inkomste is, wat werkloos is, wat onder die broodlyn lewe, wat saans rondrol in die bed en angssweet sweet oor die dag van more…

Die versoeking is om jou hand (en daarmee jou hart!), almeer toe te maak in die moeilike dae - en dis waar ons die fout maak. Nou is die tyd om ons medelye in dade om te sit – dis wat ons Hoëpriester wat medelye het met ons swakhede (Heb.4:15) nou van ons verwag.

Die Bybelse waarheid : "Om te gee maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang" (Hand.20:35), bly so waar. Gesels nou die dag met buurman Corrie en hy roep in herinnering 'n liefdesdaad wat hy baie jare gelede gedoen het aan 'n verslonste seuntjie en ek kon sien dat dit een van die gelukkige waarheidsmomente is wat sy lewe ophelder. Hoekom maak jy nie 'n punt daarvan om gereeld gelukkige waarheidsmomente te skep nie?

Ek is sendeling in Mosambiek onder die armste van arm mense onder die Chewa bevolking. Wat opval is die afkeer wat die armste het teen ryker mense wat uit meerderwaardigheid gee en die

arm mense se menswaardigheid misken. As ons gee dan verwag ons Meester van ons om in dankbaarheid te deel wat ons uit louter genade ontvang het. Ons moet gee soos een bedelaar wat sy brood met ‘n mede-bedelaar deel…

Daar is ook ‘n geestelike wet verbonde aan gee. Lukas 6:38 sê: “Gee en vir julle sal gegee word” en verder; “Wie karig saai, sal karig oes en wie volop saai, sal volop oes.” (2 Kor. 9:6) Gee maar met ‘n oop hart en ‘n oop hand aan die een wat jou kar oppas, skep maar ‘n “piece joppie” vir ‘n werklose, gee as jou kerk iets vra vir Diens van Barmhartigheid (en Sending!) Maar na alles; gee jouself, verklaar jouself solidêr met die noodlydendes, die armes - en word self verryk!

Mag dit van jou eendag gesê word wat van die gelowige Dorkas gesê is: “Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help.” (Hand 9:36)

PERSONEEL SAKE

1. Ons rektor, ds. Manasse, het op 18 Maart sy Meestersgraad in Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang. Sy vrou Olina het saam met hom gegaan en vir die eerste keer in haar lewe Suid-Afrika te siene gekry – sy was glo omtrent beïndruk met ons land en beskryf dit as die tweede hemel – alles lyk so perfek! (Boodskap: Stem ANC – grappie!) Hulle het by Helen Meyer gebly daar in die Kaap wat natuurlik lekker in Chewa met hulle kon kommunikeer.
2. Dirk en Marie Smith het die gradeplegtigheid van hul seun Brian gaan bywoon daar in die Kaap en is terug op Vila. Sy skrywe dat hul seun se seremonie baie mooi en professioneel was. Oor hul tog terug na die noorde skryf sy in haar lekker lees styl: “Ons terugtog was vol padblokkades. Omtrent 10 tot by die huis. In Suid-Afrika bevraagteken hulle toe ons nommerplate; in Zim soek hulle gesteelde voertuie, wapens en verdowingsmiddels. Laasgenoemde het ons vinnig opgebruik (biltong!).Hulle skryf self die enjinnommer af, en gaan kontroleer dit met hul rekenaar. By Nyamapanda aan die Zimkant weier die polisie om ons deur te laat, want ons het nie interpol-klaring op ons voertuig nie. Maar toe swyg ek nie. Vertel hulle ons is sendelinge en dat ek nou die ‘Secretary-General’ van ons kerk gaan bel (wel wetende dat ons nie selfoonopvangs daar het nie!) Maar ek sê toe die "General" 'n bietjie harder. Toe is hulle skielik bereid om ons die "benefit of the doubt" te gee. ‘Maar wat het julle vir ons saamgebring?’ 'n Pak chips doen toe die ding.”
   In die verband skryf sy iets wat ons “Secretary General” ds Samuel Bessitala, haar vertel het: “Die polisie (wat net Portugees verstaan), het eendag ‘n sekere Pete op pad vanaf Tete in Mosambiek na Vila voorgekeer en toe 'n dokument gevra wat hy toe nie gehad het nie. Hy maak toe 'n plan en haal die eerste faktuur uit wat hy in die hande kan kry. Dis toe die aankoop van sy bande. Die briefhoof is toe mooi duidelik: ‘General Tyres.’ Die polisieman het die faktuur een kyk gegee, Pete gesalueer en gesê: ‘Pode continuar General!’ (‘You may proceed, General!’”)
3. Dr. Hans Kommers en sy vrou Aly van Nederland en vroëer ook verbonde aan HEFSIBA, het toe hulle tyd op HEFSIBA baie geniet – hulle het in ons huis tuisgegaan en hy het klas gegee. Volgens hulle en die ander van Vila het dit gevoel asof van ouds. Ons het met hulle opgevang in Potchefstroom en saam gaan uiteet en dik stukke gesels – hulle kan net nie oor die ruim huise van baie Suid Afrikaners kom nie.

Stem nou reg op die 22ste April - ‘n party wat staan vir reg en geregtigheid, opvoeding met waardes, effektiewe diens en omgee vir die armes!

Aan almal wat die laaste gaan lag – vrede!

Kruger en Antoinette

“Om te belê in kwaliteit christelike opleiding van inheemse leiers wat ‘n impak gaan hê op hulle hele samelewing en land – ek weet van geen beter belegging nie!” Prof. dr. Willem Saayman (missioloog)